# HERDENKING VAN PRINS WILLEM I VAN ORANJE

**C de Jong**
*Universiteit van Suid-Afrika*

In 1984 herdenk die Nederlanders in Nederland en elders, onder meer in Suid-Afrika, Willem I van Oranje-Nassau, bygenaamd "die Swyger", gebore op 24 April 1533 op Dillenburg, Duitsland, oorlede op 10 Julie 1584 te Delft, Nederland. Hy is in opdrag van koning Filips II deur 'n sluipmoordenaar doodgeskiet en in die Nuwe Kerk te Delft begrawe. Hy is die Nederlanders se nasionale held — eintlik die enigste — want hy het as leier van die opstand teen die Spaanse koning, Filips II, en sy landvoogde, opgetree. Filips II wou sy gesag afdwing en die nie-Rooms-Katolieke uitroei. Met die eerste, mislukte invalle van die Prins van Oranje en sy broers in die 17 Nederlande (die huidige Nederland, België en Luxemburg) in 1568 het die Tagtigjarige Oorlog (1568—1648) teen Spanje begin. Dit het geëindig met die erkenning deur Spanje van die onafhanklike Nederlandse Republiek; die orige tien geweste — België en Luxemburg — het onder Spaanse gesag gebly en die Protestantisme is daar uitgedelg.

In die 20ste eeu is ook die Nederlandse Opstand teen Spanje in 1572 ontmitologiseer. Dit beteken dat die vroeëre voorstelling van 'n spontane, massale volksopstand teen 'n tirannieke bewind gewysig is. Die Spaanse bewind was inderdaad onderdrukkend, maar die rebelle was, soos by enige opstand, 'n minderheid van hoogstens 10% van die bevolking. Dié minderheid het bestaan uit oortuigde Calviniste en maatskaplike misdeeldes wie se getal weens die slegte ekonomiese toestand aan die toeneem was. Die rebelle is Watergeuse en Bosgeuse genoem en was eintlik terroriste wat, nadat die opstand geslaag het, tot vryheidsvegters verhef is. Die opstand was eintlik 'n burgeroorlog. Die Calvinistiese minderheid het diktatoriaal opgetree, ander godsdienste verbied en andersgelowiges in groot getalle gedwing om tot die Gereformeerde Kerk toe te tree. Die regerende groot-burgery kon nie die godsdiensvryheid behou nie, maar gelukkig wel die gewetensvryheid vir nie-Calviniste.

Dit is merkwaardig dat Willem I van Oranje aan die "debunking of the heroes" na Wêreldoorlog II ontsnap het. Sy prestige het nie afgeneem nie, inteendeel. Die meeste Nederlandse en buitelandse historici in ons eeu, van politiek regs na links, van Carel Gerretson tot Jan Romein, sowel Protestante as ander, toon toenemende waardering vir die karakter en beleid van die Prins. Dit is verklaarbaar in die lig van die gebrekkige mensemateriaal waarmee hy die Spaanse gesag moes bestry, en as die groot aantal weifelaars, neutraliste en oorlopers en die klein aantal standvastiges en opofferingsgesindes in sy omgewing in aanmerking geneem word. Die waardering vir hom is ook te verklaar uit die siening van hom as demokraat en godsdienstig-verdraagsame, beskouings wat tipies vir die huidige tydperk is.

Verskillende groepe het uiteenlopende sienings omtrent die Prins:

1. **Geloofsheld.** Tot en met die herdenking van sy geboortedag in 1933 het Calviniste en ander Protestante hom as geloofsheld beskou omdat hy hul geloof laat seëvier het. Tans vind die meeste Nederlanders — Protestante ingesluit — hierdie siening te beperk. Hy geld as meer as held van die Calvinisme.

2. **Nasionale Nederlandse vryheidsheld.** Klein- en Groot-Nederlanders in die 19de eeu — tydperk van volksnasionalisme — het hom beskou as verdediger van hul

nasionale vryheid teen vreemde oorheersing. Min Nederlanders aanvaar dit tans, want in die 16de eeu was die nasionalisme nog baie swak, die 17 Nederlande was slegs kort tevore onder een landsheer verenig en Oranje het ná die afdanking van Filips as landvors knaend gesoek na 'n buitelandse vors wat Filips as landsheer wou opvolg. Hy was selfs bereid om 'n deel van die Nederlande aan 'n vreemde vors af te staan in ruil vir hulp teen Spanje.

3. **Held van die demokrasie of volksoewereiniteit.** Die waarheid is dat Oranje die absolute despotisme van Filips weerstaan het, maar daarom was hy nog geen demokraat in die huidige betekenis wat algemene stémreg nagestreef het nie. Sy doel was handhawing van die Middeleeuse standeverteenwoordiging of State-Generaal wat saam met die landsheer die Nederlande bestuur het. Hierdie regeringsvorm was meer aristokraties as demokraties in die hedendaagse betekenis.

4. **Held van die godsdienstige verdraagsaamheid.** Hy het die belange van die Christendom bo geloofsverdeeldheid en godsdiensvryheid vir alle gelowe nagestreef, ook al het hy hom in 1573 formeel by die Calviniste aangesluit. Hy wou Lutherane en Rooms-Katolieke nie van hom vervreem nie. Daar was ander vooraanstaande Nederlanders wat sy opvatting gedeel het, soos Desiderius Erasmus, Dirk Coornhert en Hugo de Groot. Hierdie groep het staatkundig in die Republiek gedomineer. Die Volkslied "Wilhelmus van Nassouwe" wat Oranje as geloofs- en vryheidsheld idealiseer en tussen 1570 en 1572 gedig is, gaan mank aan Calvinistiese godsdienstige dogmatiek.

Dit is paslik dat die Prins by die herdenking van sy sterfdag in 1984 bowe-al as held van die demokrasie en veral van die verdraagsaamheid geprys sal word.

Prins Willem I van Oranje is die oorsprong van die lewenskragtige nasionale mite in Nederland dat God, Nederland en Oranje 'n onafskeidelike drie-eenheid vorm. Nie slegs Willem I nie, maar die meeste lede van sy karaktervaste nageslag in Nederland, het getoon dat hulle bereid was om lewe en besit op te offer vir die Nederlanders se bevryding van vreemde oorheersing. Daarom was die meeste Nederlanders nog altyd van mening dat daar altyd 'n Oranje moet regeer om hul bevryding te bewerk as die volk onder vreemde heerskappy gedwing sou word. Dit is 'n mite, maar dit werk.